# 2. Voorblad

Die voorblad van 'n boek het verskeie belangrike funksies:

1. **Aantrekkingskrag**: Die voorblad is dikwels die eerste ding wat 'n potensiële leser sien. 'n Goed ontwerpte en kleurvolle voorblad kan aandag trek en belangstelling wek.

2. **Inligting**: Dit verskaf belangrike inligting oor die boek, soos die titel, die skrywer se naam, pryse ontvang en dikwels die uitgewer. Dit kan ook 'n idee gee van die genre en die inhoud van die boek.

3. **Kan moontlik tematiese leidrade verskaf**: Die beelde op en ontwerp van die voorblad kan leidrade gee oor die tema en stemming van die boek. Byvoorbeeld, 'n donker en grillerige voorblad kan aandui dat die boek 'n riller is.

4. **Skep verwagtinge**: Die voorblad kan lesers help om te besluit of die boek iets is wat hulle wil lees deur 'n voorsmakie te gee van wat hulle kan verwag.

Bestudeer nou die voorblad en beantwoord die volgende vrae in die klas:


1. Die voorblad is 'n illustrasie deur Pippa Perreira. Dit beeld elkeen van die karakters in Tobi se kamer uit. Bespreek kortliks wat ons van die drie tienerseuns deur die illustrasie kan aflei.

2. Watter kompetisie het die boek gewen?

3. Waaruit kan ons aflei dat Tobi 'n groot sci-fi-aanhanger, spesifiek van Star Wars, is?

4. Kyk na die inhoud van Tobie se kamer. Wat kan jy nog oor sy belangstellings en karakter aflei?

5. Kyk na die titel van die boek:
   5.1 Waarom, dink jy, word daar van ’n “laaste” somer gepraat?
   5.2 Wat beteken die woord “legendaries”?
   5.3 Wat sal jou laaste skoolvakansie legendaries maak?



## Voorblad

1. Ons kan aflei dat hulle gemaklik met mekaar is. Tobi het ’n welige bos bruin hare. Dean dra ’n bril en ons sien hy hou ’n rugbybal vas. Dit laat mens dink dat hy moontlik van rugby hou. Rowan is gespierd.
2. LAPA se Jeugromankompetisie.
3. Tobi hou ’n ligswaard vas. Daar is sterre teen sy mure asook ’n plakkaat van Obi-Wan Kenobi en Chewbacca.
    - 4.1 Ons kan aflei dat dit hulle laaste somerskoolvakansie is.
    - 4.2 As iets legendaries is, word dit bewonder. Dit gaan ’n legende word. Iets wat onthou sal word en waaroor daar baie stories vertel kan word.
    - 4.3 Leerder se eie antwoord.